## KONTAKBESONDERHEDE

**Kerkkantoor**
Erna Schuite
028 435 6789
*   suidpuntngkerk@gmail.com
**Leraar**
**Ds Franziska Andrag-Meyer**
082 055 8921
*   andragmeyer@gmail.com
**Koster**
Elize Oosthuizen
060 884 4756
**Facebook:** NG Gemeente Suidpunt Struisbaai/Agulhas
**Webblad:** suidpuntngkerk.co.za

## BANKBESONDERHEDE

**NGK Suidpunt**
**ABSA**
**Takkode: 334-412**
**Rek nr: 1780147276**
**Gee asseblief 'n verwysing, bv. Dankoffer**

Hoe om Mobipaid te gebruik om geld in die kerk se rekening te betaal. STAP 1: Gebruik selfoon en gaan na jou kamera. "Scan QR Code" en Klik op "mpaid.us" (LW NIE jou Bank QR code nie) STAP 2: Voltooi inligting op skerm a) Naam b) Bedrag. c) Klik op Visa/Master STAP 3: Voltooi kaartbesonderhede Laastens: Jy kan dit "save" en volgende keer net naam en bedrag invul.



## Gelukkige verjaardag

| | | |
|---|---|---|
| Gawie | Beeselaar | 08/31 |
| Louise | Pretorius | 08/31 |
| Chris | Stelma | 08/31 |
| Hans | Visser | 08/31 |
| Vivienne | de Wet | 09/01 |
| Dalene | Louw | 09/01 |
| Elsabé | Meyer | 09/01 |
| Joos | Roelofse | 09/01 |
| Jackie | Young | 09/01 |
| Hannes | vd Vyver | 09/02 |
| Joyce | Esterhuyse | 09/03 |
| Ria | Hagemann | 09/03 |
| Sion | Delport | 09/04 |
| Sophia | Delport | 09/04 |
| Marius | Rossouw | 09/04 |
| Tones | Fourie | 09/05 |

NG Gemeente Suidpunt Struisbaai/Agulhas
Dis ons Facebook adres. Volg ons gerus.
Ons het al 1 496 volgelinge. Kom ons maak dit **1 500!**

NG KERK
SUIDPUNT
GOD IS ONS LIG

# BULLETIN

30 Augustus 2026

## WELKOM!

**EREDIENSTYE 30/08**
**Bybelsondag**
10h00 Struisbaai Nagmaal
Kategese
Spesiale Kollekte
Herberg Kinderhuis
**Dinsdag**
14h00 Klerebank
18h30 Kerkraad
**Donderdag**
10h00 Barmhartigheid
**Vrydag**
07h30 Mannebybelstudie

**Sondag 06/09**
8h30 L'Agulhas
Sinodale Kollekte
Bediening aan die Dowes

### Raad vir ekologies sinvol leef. Nommer 2

In Engels word dit die drie "R'e" genoem: Reduce, reuse, recycle. Vandag staan ons stil by die eerste een, te wete verminder. Het 'n mens regtig 20 paar skoene nodig? In die Skandinawiese lande word alle burgers genooi om een keer per jaar minder te maak; raak ontslae van wat mens nie benodig nie. Te veel goed vind hulle rusplek in 'n mens se gedagtes!

### NUWE LIDMATE

Ons verwelkom belydende lidmate Vic en Sulette Adams van Suider-Strand en Carel en Gerna Schoombee van Caledon.

### DANKIE VIR:

1. Lida Rossouw wat weer 'n lekker geleentheid vir ons kinders gereël het.
2. Almal wat so fluks gewerk het vir die hoender-braai ten bate van Kenia en diegene wat dit onder-steun het.
3. Die geleentheid wat Barmhartigheid georgani-seer het vir kattebakverkope. Dankie Marietjie Hansen en andere.
4. 'n Groep soos die Depressie - en Angsgroep, waar waardevolle ondersteuning gebied word.
5. Annamarie Judd wat die bal aan die rol hou met die bewerking van vleis en pasteideeg voorberei met die oog op ons BASAAR. Vir almal wat so fluks help, dankie. Daar is al afval ook gekook!
6. Tertius Groenewald wat die nagmaalindeling doen vir die bediening van die nagmaal vandag en vir ons kerkraadslede wat diens lewer.
7. Sondag se treffende erediens, ds. Franziska. Sterkte vir vanoggend se nagmaalviering.
8. Dirk en Johanna Jordaan wat 'n klerereling vir ons opwipwinkel geskenk het. Ons kan dit handig ge-bruik by Car Boot Sales en by basaars.

### 80 - Plussers Tee

Op Woensdag ,16 September, word al ons 80 - Plussers met hulle gades uitgenooi na 'n tee om 10h30 in Struisbaaikerk. Dr. Marianna Pietersen is die gasspreker. Sy praat oor Tydlose Breingesondheid. RSVP teen 9 September om te bevestig of u dit sal bywoon. Kontakpersone is: JAKKIE - 0823794342, Kerkkantoor - 0284356789, Tertius Groenewald - 0827732437

### HELPMEKAAR - Groepie

Ons het die "Helpmekaar" - groepie begin, hoof-saaklik om hulp te verleen tydelik of oor die lang termyn. Kontakpersone: Dawie Theron 828946070, Madie Haynes 0822932336 of die Kerkkantoor.

**Teksvers:** Rom12:2 Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe. Dan sal julle ook kan onderskei wat die wil van God is, wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is.

## Ons bid vir...

1. Die komende Kerkraadsvergadering, dat alles wat op die tafel beland ooreenkomstig u wil hanteer sal word.
2. Die Herberg Kinderhuis in Robertson:
2.1 Die Kinderhuiskinders - vir 'n gevoel van veiligheid, liefde en die wete dat U hulle ken en waardevol ag.
2.2 Die ouers, werkers en versorgers - vir geduld, krag en 'n liefdevolle hart om in al die kinders se behoeftes te kan voorsien.
2 3 Genoeg kos, klere, geld en hulpbronne om die kinderhuis aan die gang te hou.
3. Ons gemeente en elke gemeentelid.
Ons vra u seën Here en u vrede. Hou u hand van genesing oor elkeen van ons.
4. Ons land en sy mense

**Baie dankie vir die musse vir Straatwerk.**

*Hoe lyk dit, wie kan 2 - Minuut noedels (of is dit dan nou 3 - Minuutnoedels en/of Cup - A - Soup skenk?* Dit kan Di. tot Do. van 08h00 - 12h00 by Erna by die Kerkkantoor afgegee word. Dit kan ook kerk toe gebring word. Daar is 'n mandjie vir skenkings in Struisbaaikerk se voorportaal.

### NGKSUIDPUNT NETWERK

Sluit by ons aan. Op hierdie WhatAppgroep van ons kerk word daar lekker genetwerk. Ons hoor in meer detail wat aangaan, die wie, wat en waar in ons gemeente en waar ons kan inskakel om mekaar beter te leer ken. ALMAL is welkom! Kontak Erna by die Kerkkantoor, Di.tot Do.van 08h00 - 12h00 by 0284356789 of vir Marietjie Bruwer by 0792119260 om deel te word van die groep..

## Vir ons kinders

### Die Klein Blou Treintjie wat kon!

Tjoeke - tjoeke - paf, tjoeke - tjoeke - paf - paf - paf. Dieng-dong! Dieng-dong! So klink dit wanneer die klein treintjie vrolik op die treinspoor aanbeweeg. Hy is baie vrolik, want hy trek 'n baie spesiale vrag- waentjies vol speelgoed en lekker eetgoed vir soet seuntjies en soet dogtertjies aan die ander kant van die berg. Daar is poppe - poppe met blou oë en geel krulhare en poppe met bruin oë en hare wat in 'n bob-styl geknip is. Daar is speelgoeddiertjies - kameelperde met laaaang nekke en teddiebere met omtrent niks nekke nie. Daar is selfs 'n klein ou baba olifantjie! Die snaaksste wat jy al ooit gesien het, is die klein speelgoednar. Karretjies, treintjies, vliegtuigies, tolle, knipmesse, legkaarte, boeke en enige ding waarvan kinders kan hou, is in daardie waentjies vol gelaai. Dan was daar nog lekker eetgoed ook - lolliepops, pepermentlekkers, rooiwang appels en so meer. Die klein treintjie paf nog so lekker en toe, meteens, gee dit 'n ruk en gaan staan sowaar doodstil! Die arme ou treintjie kon nie eens 1cm beweeg nie! Hy het alles probeer en probeer, maar sy wiele wou nie rol nie! Om 'n lang storie kort te maak, daar kom toe 'n blink trein verby. Die nar spring van die treintjie af, waai 'n vlag en soebat:" Stop! Help ons asseblief. Sleep ons asseblief oor die berg." Die blink trein gee toe net 'n snuif en sê:" Ek, vir julle trek? Nog nooit nie! Ek is 'n passasierstrein. Ek vervoer mense in slaapwaens. Hulle eet in 'n eetsalon en word deur kelners bedien! Nee, matertjie, ek gaan julle nie help nie." Daar kom ook 'n sterker vragtrein verby - Hy beskou homself ook as te belangrik om te help. En nog treine weier hulp, totdat 'n klein, blou treintjie verbykom. Die klein, blou treintjie vra:" Wat is fout?" Die nar, as spreekbuis, verduidelik toe dat hulle enjin opgepak het.

## Doen & Deel

Hulle wil hê die treintjie moet by hulle inhaak en hulle oor die berg sleep. Die klein, blou treintjie sê toe:" Ek dink ek kan." So haak hy toe aan die treintjie vol speelgoed vir soet seuns en dogters en so ver as wat hulle ry sing hy:" Ek dink ek kan. Ek dink ek kan. Ek dink ek kan." Hulle maak dit! Aan die ander kant van die berg rol hulle toe lekker maklik ondertoe na die dorpie toe, waar die soet kindertjies opgewonde sit en wag vir hulle speelgoed en lekker eetgoed. Die klein, blou treintjie sing nou net effens ander woorde:"Ek dog ek kon! Ek dog ek kon. Ek dog ek kon!" Wat leer ons? Hou aan probeer, al is iets moeilik. En weet julle, as jy die moeilike goed regkry, is jou vreugde soveel groter!

### ONS GELOOF IN 'N WÊRELD WAAR AI ALTYD ANTWOORD

Wilmi Wheeler doen verslag oor 'n gesprek oor KUNSMATIGE INTELLIGENSIE & GELOOF by Parow - Panorama Gemeente, met Dario Carzola. Dario is 'n filosoof en entrepreneur wat die vraag stel wat 'n mens ongemaklik kan maak: Klink ons gesprekke met kunsmatige intelligensie nie 'n bietjie soos gebed nie? Dario ondersoek self graag die moontlikhede van nuwe tegnologie. Sy vraag is dus nie of AI (Artificial Intelligence) alias KI (Kunsmatige Intelligensie) boos is of iets is wat Christene nie behoort te gebruik nie. Hy vra liewer: Wie dien vir wie? Ons kan tegnologie as hulpmiddel gebruik, maar moenie ons lewens rondom die hulpmiddel organiseer nie. WAT GEBEUR MET DIE DINGE WAT ONS NIE MEER SELF HOEF TE DOEN NIE? Oefen ek nog my GEHEUE as ek nooit meer hoef te sukkel om 'n naam te onthou nie? As ek net 'n opsomming van 'n lang artikel lees, gaan daar nie dan kennis verlore wat ek op pad deur die lees van die VOLLE ARTIKEL raaklees nie?

## Doen & Deel

As ek elke keer na die "chatbot" draai as ek oor iets onseker is, wat word van die stadige werk van ONDERSKEIDING, gesprek, GEBED en WAG? Volgens Dario Carzola is daar waarde in 'n bietjie sukkel.
1. As jy volgende keer nie 'n naam kan onthou nie, los eers jou foon, probeer 'n oomblik langer om te onthou.
2. Wanneer AI vir jou 'n opsomming gee, lees eerder ook die oorspronklike artikel.
3. Laat iets wat jy skryf soms maar 'n bietjie onvolmaak wees. Nie omdat tegnologie sleg of boos is nie, maar omdat daar sekere goed is wat ons net behou deur dit te gebruik. Geheue. Kreatiwiteit. Nuuskierigheid. Geduld. Die vermoë om deur 'n probleem te worstel en nie onmiddellik 'n antwoord op jou foon te kry nie. En dalk ook geloof. By geloof is daar nie altyd 'n kitsantwoord nie. Soms bly vrae lank onbeantwoord. Party gebede word anders beantwoord as wat ons sou verwag. Soms is daar stilte. Soms moet jy saam met ander onderskei, wag, probeer en weer vertrou.

KOOR - Oefeninge hervat op Donderdag, 3 September, om 15h30 in Struisbaaikerk. Kom sing saam!

GEBAKTAFEL -Skenk asseblief produkte vir die gebaktafel: grootkoeke, soet - en soutterte, beskuit, Hertzoggies, kolwyntjies, want wat is 'n Kerkbasaar tog sonder heerlike tuisgebak? Kontak: Madie Haynes@ 0822932336.

### LENTEBASAAR - 26 September

Trek solank die lappe nader en begin iets moois te skep vir ons ALLERLEITAFEL. Pak kaste reg en stuur vir ons enigiets vir die WITOLIFANTTAFEL. Moenie die BOEKE en goeie tweedekansklere vergeet nie! Skoene, juwele en bykomstighede is ook welkom vir ons OPWIPWINKEL - STALLETJIE in die konsistorie. Dankie by voorbaat. Alles kan by die Kerkkantoor afgegee word (Di. - Do, van 08h00 tot 12h00).